Velsorg

Foto: ISTOCK



Droë hakke? Probeer dié pamperlang vir voete

# Jou voete kan maklik gesonder lyk dié somer

**Denique Smith**

Sandaal-seisoen is hier! En dit beteken al die aandag is op jou voete gevestig.

Voete wat goed versorg is, gee jou selfvertroue 'n ekstra hupstoot. Boonop kan jy deesdae maklik mooi voete kry as jy sukkel met droë hakke en voete.

Jou voete word veral in die somer meer aan omgewingsfaktore blootgestel en die geheim van mooi voete lê in Pulse Dermatology & Laser se Elim mediese voetbehandeling.

Met dié behandeling raak jy binne 10 minute ontslae van gebarste en droë hakke. Dit laat jou voete gesond en gevoed voel.

Volgens Michaela Lötter, 'n estetiese terapeut by Pulse Dermatolgy & Laser in Kenridge, word die Elim Callus Removal Kit and Foot Perfector gebruik om van enige ongewenste dooie vel en hardnekkige eelte op jou voete ontslae te raak.

"Jy sal glad nie seerkry tydens die behandeling nie. Jy kry 'n heerlike voetmassering en jou tone word ook geverf tydens die behandeling," sê sy.

Michaela voeg by dat dit alles afhang van die kliënt oor hoeveel behandelings hy/sy gaan benodig om die gewenste resultate te sien.

Die behandeling is 'n regte bederf en jy wil onmiddellik met jou voete spog ná die tyd. My hakke was na die behandeling super glad en sag en het vir byna 'n maand so gelyk.

Dit is egter belangrik dat jy steeds na jou voete omsien by die huis deur 'n goeie room te gebruik.

## Só werk die voetbehandeling

1. Jou voete word afgevee met 'n warm lap met 'n paar druppels essensiële bloekomolie op.
2. Daarna word jou voete afgeskilfer met die Elim Alpha Hydroxy Acid Foot Exfoliator.
3. Die Elim Callus tonikum word met 'n paar katoenblokkies op die betrokke area, soos eelte en gebarste vel, toegedien. Die toonnaels word ook skoongemaak en die naelvliese word teruggedruk en geknip.
4. Terwyl die tonikum in die vel intrek, ontvang jy 'n beenmassering.
5. Daarna word die dooie vel afgeskraap en die Elim PH Neutralizer word gebruik om die tonikum wat op die vel was, te neutraliseer.
7. Vyl die voet met 'n voetvyl om van nog oortollige dooie vel ontslae te raak.
8. Jy ontvang dan 'n strelende voetmassering met die Elim Foot Perfector.
9. Die behandeling eindig met die Elim Rejuvenating Gold Spritzer en dan het jy mooi, sagte voete.




DIE BURGER
Gesond!
ADVERTEER NOU!
Kontak Annalise Jooste vir meer inligting
T: 021 910 6547 • S: 084 553 4234
E: annalise.jooste@media24.com

FEBRUARIE:
- Wêreldkankerdag
- Bejaardegesondheid
- Fokus en konsentrasie

MAART:
- Gloukoom
- Gehoor
- Griepseisoen
- Beter slaap

APRIL:
- Herfs moet-hê produkte
- Kroniese pyn
- Troeteldiere
- Blaasinfeksie

X1Y0R1LM-DB190124